

oog op verbetering en groter effektiwiteit daarvan.⁴¹ Die groot vraag is in watter stadium hierdie terugvoering moet plaasvind? Tydens die preek, direk ná die preek, na afloop van die diens of tydens ander byeenkomste op die liturgiese periferie (De Klerk)? Mi is daar soms wel praktiese besware teen besprekingsgeleentheid binne die erediens, maar geen beginselbesware nie; veral as die gesprek nie slegs gesien word as terugvoering vir die dominee nie, maar ook as geleentheid vir lidmate om mekaar te help om die lyne na die huidige situasie te trek.

Wannéer die terugvoering plaasvind, is nie van deurslaggewende belang nie. Solank die prediker net sy "amen" aan die einde van die preek nie sien as punt nie, maar as dubbelpunt.⁴² Dit moet opgevolg word en een van die mees sinvolle maniere waarop dit opgevolg kan word, is nágesprekke in groepverband.

Samevatting

Die prediking as Woordverkondiging kan nie anders as om aktueel te wees nie, want die Woord is immer aktueel. Tog het elke prediker 'n dupleksie om die aktualiteit van die Woord aan te toon; om mense wat dikwels verblind is vir die evangelie, se oë vir die aktualiteit daarvan te open. In der waarheid kan slegs die Heilige Gees mense se oë vir die evangelie open, maar Hy wil mense (predikers) as medewerkers gebruik. Predikers kan medewerkers wees, wanneer hulle hulle volle aandag aan die teks wat verkondig moet word gee; die teks ook integreer in hulle lewe en verder met die teks as lens, hulle aandag fokus op die mense vir wie daar gepreek word.

41. De Klerk, *Prediking*, p 92.

42. J Thomas, *Homiletische Hulplijnen*, 's-Gravenhage, Boekencentrum, 1976, p 139.

EIETDSE VERANTWOORDING

Prof S J Terreblanche, Universiteit van Stellenbosch Probleme rondom die produksie en verbruik van voedsel in 'n land soos Suid-Afrika

Omstrede aangeleenthede rondom die produksie en bemaking van die een of ander landbou- en veral voedselproduk is deesdae byna elke week 'n belangrike nuusitem in Suid-Afrika. Vanweë die stygende lewenskoste en vanweë 'n groeiende bewuswording van die sorgwekkende lewensomstandighede van sê die armste twee-vyftes van die Suid-Afrikaanse bevolking, kom probleme rondom die koop en verbruik van veral voedsel ook al hoe meer in die kalklig. Aan die een kant gaan stemme op ter wille van die groter beskerming en onderskraging van die landbousektor en van veral die voedselprodusente. Aan die ander kant word beweer dat die produsente van voedsel geruime tyd al beskerm en ondersteun word op maniere wat verbruikers en veral arm verbruikers erg benadeel. In hierdie verband word veral gewys op die uitvoer van die surplusmielies teen 'n verlies, terwyl daar baie arm gesinne is wat nie 'n porsie mielie-meel vir 'n daaglikse maal teen die heersende prys kan koop nie. Net so word beswaar gemaak teen die periodieke vernietiging van groente asook op die verbod teen invoer van goedkoper voedsel, terwyl daar so baie gesinne is wat nog onder die sg "broodlyn" leef.

Interessante vrae kan na aanleiding van bogenoemde botsende standpunte gestel word: Strek die beskerming en die onderskraging wat aan die produsente van voedsel gebied word, inderdaad op die langtermyn tot die voordeel van die arm verbruikers soos gewoonlik beweer word? Is dit voldoende om die besondere probleme wat veral arm verbruikers ten opsigte van die aankoop en verbruik van voedsel ondervind, eensydig te probeer oplos deur bloot net op die produksie van meer (en hopek ook goedkoper) voedsel te konsentreer? Is dit moontlik dat die arm verbruiker met probleme te kampe het wat spesiale maatreëls verg ongeag die sukses wat met die produksie van voedsel behaal word? Is dit bv nodig om ten minste die surplusse aan voedsel wat van tyd tot tyd ontstaan op spesiale maniere aan die arm verbruikers beskikbaar te stel? Sal sodanige praktyke nie die pogings om 'n gesonde langtermynkapasiteit in voedselproduksie op te bou, ernstig ondermyn en uiteindelik daar-

toe lei dat nog meer boere verplig sal wees om hulle plase te verlaat nie?

Hierdie vrae dui daarop dat sowel die produksie as die verbruik van voedsel sosiaal-etiese dimensies het wat verreken moet word in beleidsmaatreëls. In hierdie artikel sal 'n poging aangewend word om hierdie dubbele sosiaal-etiese dimensies vanuit 'n ekonomiese perspektief aan die orde te stel. Hierdie probleme kan egter nie net van 'n ekonomiese perspektief bekyk en beoordeel word nie. Met inagneming van die ekonomiese en/of doeltreffendheidsoorwegings wat ook in hierdie problematiek te pas kom, is dit probleme waaroor die NG Kerk hom na my mening ook moet verantwoord.

In die paragrawe hierbo het ons na sowel die *aanbod* as die *vraag* na voedsel verwys. Ekonomie is so geneig om elke probleemsituasie waarmee hulle te make kry, te reduceer na die *aanbod*- en *vraag*aspekte daarvan dat mense soms skertsend beweer dat dit in die ekonomie blykbaar nie oor meer as oor *aanbod*- en *vraag*aangeleenthede gaan nie. Hierdie aantying is na my mening 'n baie goeie eerste omskrywing van ekonomie. Ek kry soms die indruk dat baie mense se benadering tot die ekonomie te aanbodgeoriënteer is en dat hulle gevolglik te maklik tot die gevolgtrekking kom dat ekonomiese probleme opgelos kan word deur groter inspanning aan die produksie- en aanbodkant van die formule. Indien mense in hulle standpuntinname oor ekonomiese probleme konsekwent daarop ingestel is om sowel die *aanbod*- as die *vraag*dimensies van die probleem te verantwoord, het ons na my mening 'n beter kans om 'n gebalanseerde en verantwoorde standpunt oor die probleem in te neem.

Die ekonoom moet hom nie alleen verantwoord tov al die faktore wat die *aanbod* van en die *vraag* na 'n bepaalde produk beïnvloed nie, maar ook tov die wisselwerking tussen vraag en aanbod en hoe 'n soort "gelykheid" tussen hulle bewerkstellig kan word. Die meganisme wat gewoonlik gebruik word om "gelykheid" tussen hulle te bewerkstellig, is pryse (ongegag hoe hulle tot stand kom): as die aanbod groter is as die vraag behoort die prys te daal en as die vraag groter is as die aanbod behoort die prys te styg. Die maklikste en daarom ook die populêrste manier om die grootte en veranderinge in sowel die aanbod as die vraag te meet en om sommer ook outomaties die nodige prysaanpassing ter wille van "gelykstelling" te bewerkstellig, is die sg *markmeganisme*. In sowel professionele as populêre kringe bestaan 'n – na my mening – beslis ongeoorloofde opvatting dat die sg markmeganisme nie alleen die enigste manier is om vraag en aanbod te meet en 'n "gelykstelling" tussen hulle te bewerkstellig nie, maar dat die mark dit boonop só suksesvol doen dat die pryse wat in 'n groot verskeidenheid van markte tot stand kom, min of meer "normale" of "natuurlike" pryse is wat naastenby op die vlak van Thomas van Aquino se "regverdige pryse" geleë is. Gevolglik is diegene wat die werking van die mark- en prysmeganisme hoog aanslaan van mening dat die "organisering" van vraag- en aanbodaktiwiteite en daarom ook die

werking van die ekonomie as geheel, met gerustheid aan die *outomatiese* werking en dissipline van die markmeganisme oorgelaat kan word.

In die gemoed van baie mense neem die markmeganisme inderdaad so 'n sentrale plek in hulle "siening" van ekonomie in, dat hulle selfs van mening is dat net daardie aktiwiteite wat suksesvol deur die mark georganiseer word, *ekonomies relevant* is en dat alle ander aktiwiteite – wat wel te make het met die vraag en die aanbod van skaars middele, maar waarvan die vraag en die aanbod op ander maniere gelykgestel word – "buite" die terrein van die ekonomie lê en op sy beste as politieke aktiwiteite beskou kan word. Hierdie wanopvatting is na my mening die resultaat van "sistematiese wanopvoeding" en berus op 'n totaal verwronge siening oor wat die funksie van 'n markmeganisme is en van wat die ware wese van die ekonomie is. Hierdie soort "sistematiese wanopvoeding" bestaan vanweë die propaganda van instansies wat bevoordeel word deur die resultate van 'n ongebreidelde mark (meesal omdat hulle oor 'n relatiewe magposisie in die mark beskik) en daarom 'n gevestigde belang het om markgeoriënteerde aktiwiteite as die korrekte (en dikwels ook as die ware) ekonomiese aktiwiteite voor te stel.

Die markmeganisme verteenwoordig nie die wese van "ekonomie" nie en definieer ook geensins die terrein van dít wat as "ekonomies" bestempel moet word nie. Ons sou "ekonomie-aktiwiteite" kernagtig kan definieer as aktiwiteite wat gemik is op die bevrediging van behoeftes wat aanspraak maak op skaars produksiebronne wat op alternatiewe maniere gebruik kan word. Só gedefinieer het bykans alle menslike aktiwiteite 'n "ekonomiese dimensie" en wel in soverre dit aanspraak maak op skaars hulpbronne. Só byvoorbeeld vorm 'n privaat georganiseerde kleuterskool net soseer deel van die ekonomie van 'n land as die kafee op die hoek – albei aktiwiteite wil aan bepaalde behoeftes voldoen en albei gebruik skaars hulpbronne. Die feit dat daar in die kafee meer geld gebruik word en daaglik ander pryse gevra word, maak dit nie 'n belangriker ekonomiese aktiwiteit as die kleuterskool nie. In laasgenoemde geval moet die ouers ook maandeliks 'n "prys" betaal en word die onderwyseres en die fasiliteite ook maandeliks teen 'n "prys" gekoop.

Die markmeganisme is (net soos geld) nie die wese of doel van die ekonomie nie, en kan dit ook nooit wees nie, maar is slegs 'n "instrument" of organisatoriese hulpmiddel waarvan vry algemeen gebruik gemaak word in 'n sogenaamde markgeoriënteerde ekonomie soos ons s'n. Die groot verdienste van 'n markmeganisme is nie geleë in die feit dat dit die "korrekte" of "regverdige" pryse in bepaalde markte tot stand bring nie, maar wel omdat dit 'n meganisme is wat op 'n *outomatiese* wyse redelik *werkbare* pryse tot stand bring. Juis omdat die pryse op 'n *outomatiese* wyse tot stand kom, bestaan daar in 'n markgeoriënteerde gemeenskap 'n groot mate van verdraagsaamheid teenoor markpryse selfs al bestaan geoorloofde bedenkinge teen die betrokke pryse. Hierdie verdraagsaamheid

bestaan omdat 'n alternatiewe manier om die pryse te bepaal nie alleen heelwat koste sal meebring nie, maar (veral oor die lang termyn) ook ander nadele of wanpraktyke mag meebring. Markgevormde pryse word dus verdra nie omdat dit noodwendig die “korrekte” pryse is nie, maar omdat daar in 'n markgeoriënteerde ekonomie 'n propaganda-atmosfeer geskep en in stand gehou word (gewoonlik deur instansies met gevestigde voordele) dat sodanige pryse outomaties en “goedkoper” tot stand kom, en daarom altyd die voordeel van die twyfel behoort te kry, selfs al is dit so duidelik soos daglig dat die betrokke pryse 'n verwingende effek op òf die vraag- òf die aanbodaktiwiteite, of op albei, uitoefen. Ekonomie het 'n belangrike verantwoordelikheid om teen hierdie soort fetisj te waak wat rondom die markmeganisme en markbepaalde pryse ontstaan het. Ongelukkig is ekonomie – en in die jongste verlede ook in Suid-Afrika – die sterkste propagandiste van hierdie fetisj. Wat my betref moet die ekonoom die mark as 'n blote instrument bejeen wat in elke besondere geval funksioneel vir die bevordering van die algemene welvaart kan wees of dit nie kan wees nie. In al daardie gevalle waar die mark en die markbepaalde pryse nie funksioneel blyk te wees nie, moet 'n ekonoom nie skroom om alternatiewe metodes om vraag en aanbod te meet en om pryse te bepaal, aan te beveel nie.

Vanweë die sentrale rol wat die markmeganisme in ons soort ekonomiese stelsel speel, is ek (met 'n sekere mate van huiwering) bereid om daardie markte waarin die *spontane* werking van vraag en aanbod tot prysvorming lei wat as redelik *werkbaar* beskou kan word, as die “normale” of probleemlose gevalle te beskou. Na aanleiding hiervan sou ons dan al daardie “markte” waarin onverdedigbare groot “markmislukkings” plaasvind – of omdat die “mark” nie die “seine” van die vraers of die aanbieders reg of volledig “opvang” of interpreteer nie, of omdat òf die vraers òf die aanbieders oor sodanige magposisies beskik dat hulle die prysvorming op 'n sosiaal ongewenste manier tot hulle eie partikuliere voordeel kan verwing, òf omdat die vraers of die aanbieders die “seine” van veranderende pryse nie kan absorbeer op maniere wat nie ontwrigtend is nie, òf omdat die vraers en/of die aanbieders swak beplan vanweë 'n gebrek aan die nodige teleskopiese vermoë – as “abnormale” of problematiese markte bestempel. In sodanige markte moet die werking van die markmeganisme òf opgehef word (soos wat met die vrye verskaffing van kollektiewe dienste soos polisiebeskerming en onderwys gebeur), òf die optrede van die vraers en die aanbieders moet deur belasting en subsidies of deur minimum en/of maksimum pryse “gereguleer” word (soos deur 'n heffing om rookbesoedeling teen te werk of deur die verskaffing van 'n subsidie vir die bou van plaasdamme) of maatreëls moet getref word om monopolistiese magposisies te ontbind of teen te werk, òf die owerheid moet die een of ander beheerliggaam aanstel om pryse administratief te bepaal en van tyd tot tyd te wysig, òf enige ander maatreël tref

om die baie probleme wat vanweë gebrekkige teleskopiese vermoëns ontstaan, te kompenseer.

Streng gesproke bestaan daar eintlik nie so iets soos “normale” of probleemlose markte nie en wel omdat op alle markte een of meer vorme van “markmislukkings” voorkom. In al daardie gevalle waar die “nadele” vanweë die markmislukkings op billike argumente as kleiner gereken word as die “koste” verbonde aan alternatiewe metodes van prysvorming, moet die stelreël geld dat die betrokke “markmislukking” verdra sal word. Indien mense egter geneig is om 'n ideologiese fetisj van die mark te maak, word die vermoë om deur billike argumente die nadele van die markmislukking teen die voordele van alternatiewe metodes van prysvorming af te weeg, natuurlik ernstig verwing.

Die afgelope 5 jaar het ekonomie, sakemanne en politici die verdienstes en die wenslikheid van 'n redelike, ongebreidelde, vryemarkeconomie baie hoog aangeprys en dit voorgehou as die ekonomiese stelsel wat nie alleen ons ekonomiese nie, maar selfs ook ons politieke probleme sal oplos. Ek is van mening dat hierdie vryemark-retoriek heeltemal oordryf word. Voordat 'n mens die “organisering” van ekonomiese aktiwiteite met 'n geruste hart aan die spontane werking van die markmeganisme kan oorlaat, moet die betrokke land eers aan baie streng voorwaardes voldoen. Enkele van hierdie streng voorwaardes is dat die bevolking redelik homogeen moet wees, oor 'n redelike peil van ontwikkeldheid en geskooldheid moet beskik en dat die ekonomiese (én politieke) mag sodanig versprei moet wees dat 'n hoë mate van mededinging bestaan. Dit is voor-die-hand-liggend dat daar geensins in SA aan hierdie voorwaardes voldoen word nie en dat ons in die afsienbare toekoms ook nie daaraan sal kan voldoen nie. Indien mens die dualistiese struktuur van die SA ekonomie, die besondere heterogeniteit van die SA bevolking, die groot ongelykhede in die verdeling van mag en inkomste en die groot mate van bevoorregting en verskansing wat aan sekere groepe toegestaan word, in oënskou neem, dan is dit nie alleen ironies nie, maar inderdaad 'n onverklaarbare teenstrydigheid dat die verdienstes van vryemarkeconomie juis in Suid-Afrika retories so hoog aangeslaan word.

Dit sou interessant wees om te bepaal watter persentasie pryse in Suid-Afrika in werklik vry én mededingende markte tot stand kom. Ek het rede om te glo dat hierdie persentasie besonder klein is. Afgesien van die groot aantal administratief bepaalde en/of beheerde pryse en daardie “pryse” wat deur kollektiewe bedinging bepaal word (en waarin ekonomiese en politieke mag 'n deurslaggewende rol speel), kan die oorgrote meerderheid van pryse as kataloguspryse bestempel word. In lg kategorie slaag die produsente om deur middel van produkvariasie en/of gesofistikeerde reklame en bemarkingstegniek in so 'n mate om die “alleenaanbieder” van 'n sekere produk te wees dat hy die nodige monopolie en/of oligopolieposisie verkry om die prys te kan manipuleer.

Vanweë die sg strukturele omstandighede wat in SA geld, is dit verkieslik om liever na die *mark-georiënteerde* ekonomie as na die *vryemark-ekonomie* van Suid-Afrika te verwys. Eerstens omdat markbepaalde pryse in baie opsigte “aanvaar” word, alhoewel daar dikwels goeie rede bestaan om te glo dat die pryse in belangrike opsigte afwyk van wat as die “korrekte” pryse bestempel kan word. Tweedens omdat die vraag en die aanbod van goedere nog altyd via die “mark” gebeur, selfs in daardie gevalle waar die pryse “buite” die mark bepaal word. Derdens omdat die pryse wat “buite” die mark bepaal word, sover moontlik ook op so ’n vlak bepaal word (of bepaal behoort te word) dat “gelykstelling” tussen vraag en aanbod bewerkstellig word. In só ’n ekonomie is dit natuurlik ook van pas dat gedurende die tydperk waartydens gepoog word om “gelykstelling” tussen vraag en aanbod te bewerkstellig, maatreëls getref word om of die vraag of die aanbod of albei (struktureel) so te verander dat die nodige “gelykstelling” bereik kan word. Owerheidsinmenging is dus nie bloot gemik om pryse te bepaal en om via die pryse die vraag en aanbod indirek te manipuleer nie, maar is meesal ook direk gemik op die inwerking op of die aanbod of die vraag of albei om ’n voorafbepaalde doel te bereik.

Teen die agtergrond van die onderskeid wat ek hierbo getref het tussen “normale” en “abnormale” of problematiese marksituasie, kan ons nou terugkeer na die “voedselmark” in Suid-Afrika. Ek wil beweer dat daar goeie en afdoende redes bestaan waarom sowel die produksie en bemarking van die meeste voedselprodukte as die aankoop en verbruik van voedselprodukte in Suid-Afrika problematiese aangeleenthede is wat een of meer spesiale beleidsmaatreëls vanaf owerheidsweë verg. In die huidige “voedselbeleid” van die owerheid word inderdaad omvattende maatreëls getref om die probleme aan die produksie- en bemarkingkant te probeer ondervang, terwyl die maatreëls wat aan die vraagkant getref word om die probleme wat veral arm verbruikers ondervind in die aankoop en verbruik van voedsel, geensins so omvattend en ook nie naastenby so toereikend is soos dié wat aan die aanbodkant getref word nie. Maatreëls wat aan die vraagkant getref word en vermelding verdien, is die subsidiering van die prys van brood en die wetgewing ivm huurkoop en ander verkoops- en reklame-aktiwiteite.

Die gebrek aan simmetrie tussen maatreëls tov die aanbod- en vraagkant moet waarskynlik deels toegeskryf word aan die sterk aanbodgeoriënteerdheid wat ons teenoor ekonomiese aangeleenthede openbaar en deels aan die verskil in ekonomiese en politieke bedingingsmag van die aanbieders en vraers na voedsel. Terwyl die produsente van voedsel goed georganiseer is en oor besondere ekonomiese en politieke bedingingsmag beskik, is die verbruikers daarvan nie op ’n ooreenstemmende wyse georganiseer nie. Die groot meerderheid van arm verbruikers is kwalik georganiseer en beskik boonop ook nie oor noemenswaardige ekonomiese en/of politieke bedingingsmag nie.

Veelvoudige redes kan aangevoer word waarom die produksie en bemarking van die meeste voedselprodukte as problematies bestempel moet word. Die beste bewys daarvan is seker die wêreldwye krisis wat die afgelepe twee dekades ten opsigte van voedselvoorsiening ontwikkel het. Terwyl baie Derde Wêreldlande voor die Tweede Wêreldoorlog die netto uitvoerders van voedsel was, ondervind hulle nou so ’n chroniese tekort aan voedsel dat 1 000 miljoen of byna ’n kwart van die wêreld se bevolking aan ondervoeding en wanvoeding ly.¹ Terselfdertyd is Rusland en sy satelliete ook nie in staat om genoeg voedsel te produseer nie. Alle onderontwikkelende lande vertoon ’n opvallende onvermoë om die landbousektor aan die greep van tradisionalisme te ontruk en om die bedryf so te rasionaliseer dat ’n surplus geproduseer kan word. In die jongste verlede het die skerp styging in petroleumpryse, die gebrek aan politieke stabiliteit en die gevolglike gebrek aan ’n konstruktiewe landboubeleid tesame met die skerp toename in die bevolking veroorsaak dat die situasie ivm voedselvoorsiening in die meeste Derde Wêreldlande eerder verder agteruitgegaan het en in baie lande nou ernstige krisisaftmetings aanneem. Sonder die groot voedselproduksie van Noord-Amerika sou veral die Derde Wêreld in onvoorstelbare ellende gedompel gewees het.

Die feit dat SA ’n netto-uitvoerder van voedsel is, is inderdaad ’n groot prestasie. Suid-Afrika geniet die onderskeiding dat hy die enigste land in Afrika en een van die weinige Derde Wêreldlande is wat ’n netto uitvoerder van voedsel is. Hierdie prestasie is soveel te groter indien ons daarmee rekening hou dat Suid-Afrika se grond- en klimaatsomstandighede in terme van internasionale standaarde nie juis gunstig is vir voedselproduksie nie. Die prestasies wat SA tov voedselproduksie behaal het, moet deels aan die hardwerkendheid en vindingrykheid van die boeregemeenskap en deels aan die owerheid se landboubeleid toegeskryf word.

Die hulp en beskerming wat direk en indirek vanaf owerheidsweë aan die landbousektor verleen word, het reeds spreekwoordelik geword en is dikwels die skyf van skerp kritiek teen die owerheid. Dit laat die vraag ontstaan waarom die bedryf nie op sy eie voete kan staan nie en waarom die pryse van die vernaamste voedselprodukte nie deur die spontane werking van die vraag- en aanbodmeganisme op die mark bepaal kan word nie. Die maklikste en waarskynlik reeds voldoende antwoord op hierdie vrae is dat voedsel in Suid-Afrika – met sy relatief groot en vinnig groeiende bevolking – as ’n strategiese produk beskou moet word. Hierdie argument verkry soveel te meer gewig indien Suid-Afrika se bedreigde

1. Terwyl Latyns-Amerika, Afrika, Asië en Rusland in 1938 gesamentlik 17 miljoen ton koring/mielies uitgevoer het, het hulle in 1975 85 miljoen ton ingevoer. Terwyl Noord-Amerika en Australasië in 1938 saam 8 miljoen ton uitgevoer het, het hulle in 1975 103 miljoen ton uitgevoer. In dieselfde tydperk het Wes-Europa se invoere van 24 na 17 miljoen ton gedaal. (Die Rio-report, p 29.)

internasionale posisie in ag geneem word. Maar ander redes wat spesifiek met voedselproduksie te make het, kan ook aangevoer word. In teenstelling met die produksie van die meeste ander produkte word die uiteindelijke sukses van landbouproduksie gewoonlik deur 'n veel groter aantal – en dikwels onkontroleerbare – veranderlikes (soos weersomstandighede en siekte-verskynsels) beïnvloed. Indien die prys (of ten minste 'n minimum prys) van die landbouproduk nie vooraf bekend is nie, maar 'n addisionele veranderlike is wat eers agterna deur markkragte bepaal word, word die risiko van landbouproduksie uiteraard soveel groter. Juis vanweë die potensieel groot skommeling in die jaarlikse produksie van landbouprodukte (veral ook omdat dit deur 'n groot aantal relatief klein en onafhanklike produksie-eenhede onderneem word), ontstaan besondere probleme indien mens die onelastiese verloop van die sg vraagkurwe na voedselprodukte in ag neem. Met die onelastisiteit van die vraagkurwe bedoel ons dat as die aanbod van 'n voedselproduk op 'n vryemark met sê 20 persent sou vermeerder, die prys daarvan met 30 of 40 persent sal daal. Dit beteken dat die geldelike opbrengs van 'n groter oes kleiner is as dié van 'n kleiner oes! Die gesamentlike effek van die groot skommeling in die jaarlikse produksie (vanweë die groot aantal veranderlikes) en die onelastiese vraagkurwe is dat baie groot prys- en winsskommeling van jaar tot jaar ondervind word indien prysvorming aan 'n vryemark oorgelaat word. Die produsente van landbouprodukte sou hulle nog van jaar tot jaar by hierdie groot skommeling kon aanpas indien landbouprodukte nie bederfbaar was nie, of as die surplusse teen relatief lae koste geberg kon word, of as dit moontlik was om maklik van die produksie van een landbouproduk na 'n ander oor te skakel. Die bergingskoste van landbouprodukte is meesal relatief hoog en produksie van verskeie landbouprodukte verg in ons grond- en klimaatomstandighede egter sodanige gespesialiseerde toerusting, faktorinsette en gespesialiseerde kennis en ervaring dat 'n oorskakeling van die een produk na 'n ander nie wenslik is uit die oogpunt van die opbou van gesonde langtermyn-produksiekapasiteite nie. Die beoefening van “gemengde” boerdery bring weliswaar 'n groter mate van aanpasbaarheid mee en alhoewel dit 'n verdienstelike metode is om die groot risiko's enigsins te versprei, skep dit nie so 'n groot aanpasbaarheid dat die nadelige effek van die groot produksie-, prys- en winsskommeling van markbepaalde pryse op 'n wyse geabsorbeer kan word wat nie nadelig en ontwrigtend vir die bedryf as geheel is nie. (Aangesien die veranderlikes aan die produksiekant nie in 'n voldoende mate kontroleerbaar is nie, is 'n verskeidenheid van landboubeheerrade op grond van die Landboubemarkingswet van 1937 ingestel om die pryse te beheer ter wille van groter sekuriteit en voorspelbaarheid.)

Alhoewel die landboubeheerrade hulle die afgelope 35 jaar aan 'n groot mate van onnodige burokratiese rompslomp en ondoeltreffendheid skuldig gemaak het en oor die jare dikwels onverdedigbare foute begaan het, en

alhoewel die owerhede sommige sektore waarskynlik oormatig ondersteun en beskerm en hulle in die proses blykbaar tot 'n ontstellende mate verwen het, staan dit egter bo alle twyfel dat die filosofie onderliggend aan die Landboubemarkingswet baie gesond was en dat die optrede van die landboubeheerrade 'n onmisbare bydrae gelewer het om produksiekapasiteit in die bedryf op te bou. Boonop is die bedryf ook so gestabiliseer dat 'n groot deel van die bevolking 'n redelik goeie (en in sommige gevalle miskien 'n té goeie) lewenstog daarmee kan verdien.

Die owerheid se ondersteuning van die landboubedryf is egter nie net beperk tot die stabilisering van pryse nie. Dit neem ook die vorm aan van subsidies ter wille van die opbou van sekere produksiekapasiteite asook redelike groot bedrae wat aan navorsing, opleiding en aan die verspreiding van relevante kennis en vaardighede bestee word. In soverre hierdie bestedings gemik is op die kwalitatiewe verbetering van die nie-menslike insette van die landbousektor om vir die natuurlike swakheid van grond- en klimaatomstandighede te kompenseer, kan die geoorlooftheid daarvan nie bevraagteken word nie. En in soverre die bestedings daarop gemik is om die kwaliteit van die menslike insette te verbeter, is dit volledig in ooreenstemming met die moderne groeifilosofie waarvolgens allerweë besef word dat enige bedryfstak in die ekonomie oor die langtermyn net teen die gewenste tempo kan groei indien daar voldoende belegging (o m ook vanaf owerheidsweë) in die menslike kapitaalvorming plaasvind.

Maar net soos die produksie en bemaking van voedsel sekere besondere eienskappe openbaar wat daarvan 'n probleemangeleentheid maak, net so openbaar die aankoop en die verbruik van voedsel vir die verbruikers en veral vir die arm verbruikers ook sekere besondere eienskappe wat dit eweneens 'n probleemangeleentheid maak, wat besondere bemoeiinge vanaf owerheidsweë noodsaaklik maak.

Besteding aan voedsel vorm 'n belangrike deel van die verbruikersplan van alle huishoudings. Empiriese ondersoeke het getoon dat hoe hoër die inkomste van 'n huishouding styg, hoe laer is die persentasie van die inkomste wat aan voedsel bestee word. Gemiddeld bestee Suid-Afrikaanse huishoudings tussen 20 en 25 persent van hulle inkomste aan voedsel. Anderkleurige huishoudings bestee gemiddeld byna 40 persent van hulle inkomste aan voedsel terwyl 20 na 30 persent van alle armer huishoudings selfs soveel as 60 persent van hulle inkomste aan voedsel bestee.

In die inflasionêre wêreld waarin ons deesdae lewe, word die geldelike inkomste van verskillende groepe in die gemeenskap nie eweredig aangepas by die heersende inflasiekoers nie. Gevolglik veroorsaak inflasie 'n daling in die reële inkomste van sommige groepe, terwyl ander groepe selfs 'n styging in reële inkomste as gevolg van inflasie kan ondervind. Voeg ons hierby dat die prys van voedsel soms vinniger styg as die algemene pryspeil (in 1980 het dit inderdaad twee keer vinniger gestyg), dan is dit

onmiddellik duidelik dat inflasie via die huishouding se voedselbesteding die betrokke huishouding uiters nadelig kan tref en sodanige huishouding stelselmatig en permanent kan verarm. Neem bv 'n relatief arm huishouding wat sê 50 persent van sy inkomste aan voedsel bestee. Veronderstel die betrokke huishouding se inkomste word chronies met 'n redelik groot tydsloering by die stygende lewenskoste aangepas (gedeeltelik ook vanweë periodieke werkloosheid) en veronderstel die prys van voedsel styg teen 'n koers van 30 persent terwyl die inflasiekoers 15 persent is. Dit is duidelik dat inflasie hierdie gesin etlike kere swaarder tref as 'n gesin wie se inkomste sonder 'n tydsloering aangepas word en wat slegs 15 persent van sy inkomste aan voedsel bestee. Vanweë die swaarder manier waarop inflasie veral die armer huishoudings tref, gebeur dit dat die voordele van 'n hoë groeikoers (soos dié wat Suid-Afrika in 1980 ondervind het) nie eweredig na alle lae van die bevolking "uitkring" of "deurwerk" nie. Gevolglik gebeur dit dat sommige huishoudings (en dit mag selfs 'n relatief groot persentasie van alle huishoudings wees) verarm te midde van die groot voorspoed en dat die ongelyke verdeling van inkomste (wat in elk geval baie groot is in Suid-Afrika) nog groter word as gevolg van inflasie en as gevolg van die skerp styging van voedselpryse wat so 'n groot komponent van arm huishoudings se besteding uitmaak. Terwyl die voordele van 'n hoë groeikoers baie stadig en soms glad nie "uitkring" na sommige huishoudings en veral nie na die armste huishoudings op die periferie van die gemeenskap nie, tref die nadele van inflasie alle huishoudings nie alleen onmiddellik nie, maar tref dit die armste huishoudings dubbel en soms selfs driedubbel swaar. In soverre die proses van inflasioneë groei en vinnig stygende voedselpryse die armoede van die armste helfte van die bevolking vererger en die ongelyke verdeling van inkomste vergroot, skep dit sosiaal-etiese probleme wat sonder twyfel daadwerklike hulpmaatreëls (en selfs noodleniging) vanaf owerheidsweë noodsaaklik maak.

Maar afgesien van die probleme wat arm verbruikers ondervind vanweë inflasie en die skerp styging in voedselpryse, maak arm verbruikers hulle in elk geval aan sodanige onoordeelkundige en selfs irrasionele verbruiksbesteding skuldig dat hulle in effek gemiddeld baie duurder vir alle goedere (insluitende voedsel) betaal as die meer ontwikkelde en gesofistikeerde gedeelte van die bevolking. As lid van die Theron-kommissie het die verbruikersprobleme van arm Kleurlingverbruikers my besonder geïnteresseer. Die getuienis wat die Kommissie ten opsigte van arm verbruikers ingewin het en in paragrawe 3.37 tot 3.47 van die verslag geboekstaaf het, kan seker as tipies van arm verbruikers beskou word en ook geld tov die arm verbruikers van ander bevolkingsgroepe. Die volgende paragrawe uit die verslag is relevant vir ons betoog:

- * Die verbruiksmark met sy besondere verkoop- en bemakingstegnieke, reklamewese en kredietverlening verteenwoordig 'n aspek van die kapitalistiese ekonomie wat in die afgelope dekades groot ontwikkeling en sofistikasie ondergaan het. As deel van hierdie ontwikkeling is die sg hoë massaverbruikseconomie uitgebou tot 'n kenmerkende deel van alle kapitalistiese ekonomieë. Die verbruikseconomie is besonder goed aangepas by die behoeftes en lewensingesteldhede van die middelstandverbruiker. Hierdie verbruikers is oor die algemeen toekoms-georiënteer en hulle beskik oor die nodige kennis, ervaring en vaardighede om redelik effektief in die verbruikersmark te opereer. Die meeste middelstandpersone en -gesinne het 'n vaste inkomste en hulle kan met redelike sekerheid hulle verwante inkomste-stroom projekteer, en hulle verkeer dus in die posisie om 'n lang- of middel-termyn-verbruiksplan te ontwikkel wat korreleer met die geprojekteerde inkomste.
- * Die Kommissie het heelwat getuienis ingewin wat daarop dui dat die verbruiksbesteding van veral die armer gedeelte van die Kleurlingbevolking tot groot hoogte kortsigtig en onoordeelkundig is en met 'n groot skeepse vermorsing en wanbesteding van die relatief lae inkomste gepaard gaan. Hierdie onoordeelkundige en selfs irrasionele bestedingspatrone het tot gevolg dat armer Kleurlinge se lewenstandaard in der waarheid aansienlik laer is as wat die peil van hulle inkomste mag reflekteer. In die afgelope dekade het daar heelwat verbeterings in hulle inkomste ingetree, maar in baie gevalle het die verhoging in inkomste geen of weinig effek op die peil van hul relatiewe armoede gehad omdat die addisionele inkomste bestee is op maniere wat weinig verbetering in hulle lewenstandaard bewerkstellig het.
- * Getuienis is aangevoer dat die armer Kleurlinge hulle om verskeie redes in 'n relatief swak posisie in die moderne verbruiksmark bevind. Ener syds beskik hierdie verbruikers nie oor die kennis, ervaring en sofistikasie om hulle geld op 'n oordeelkundige manier te bestee nie. Ander syds stel die moderne verbruiksmark en die geld- en kredietekonomie besonder hoë eise aan die verbruikers. Volgens getuienis staan baie van die armer Kleurlinge vanweë hulle onkunde en gebrek aan sofistikasie weerloos teenoor baie van die praktyke en wanpraktyke in die moderne verbruiksmark. Daar word ook beweer dat die weerloosheid van baie Kleurlingverbruikers teenoor sekere bemakings- en finansieringspraktyke doelbewus geëksploiteer word deur sommige handelaars en finansieringsinstellings.
- * Inligting wat die Kommissie bekom het, dui daarop dat die vernaamste vorme van uitbuiting van Kleurlingverbruikers in verband staan met die verskillende vorme waarin verbruikerskrediet verleen word en in die besonder die wyse waarop die huurkoopstelsel gebruik en selfs misbruik word. Die kredietfasiliteit wat tot die beskikking van verbruikers gestel word, voldoen natuurlik aan 'n onontbeerlike behoefte. Baie Kleurlinge

sou nie duursame en semi-duursame goedere en veral huishoudelike toerusting kon bekom as die verskillende kredietfasiliteite nie tot hulle beskikking was nie.

- * Ten spyte van al die voordele wat direk en indirek aan die stelsel van verbruikerskrediet verbonde is, kan die besondere nadele wat dit vir die armer gedeelte van die Kleurlinge meebring, volgens getuies nie verswyg of goedgepraat word nie.
- * Die nadelige en ontwrigtende effek wat huurkoopfinansiering op die armer deel van die Kleurlinggemeenskap het, is in verskeie voorleggings en getuienis besonder sterk beklemtoon. Die verskillende welsynorganisasies het byna sonder uitsondering gepleit vir 'n hersiening van die stelsel om 'n groter mate van beskerming te verleen aan daardie verbruikers wat 'n sterk teenwoordigheidsvoorkeur en 'n drang tot kompenserende verbruik het, maar nie oor die nodige kennis en ervaring beskik om die ware betekenis van 'n krediettransaksie te begryp nie, en hulle maklik tot finansiële verpligtinge verbind wat buite alle verhouding tot hulle betaalvermoë is . . . Die handelaars wat in huurkoopverkope spesialiseer, is gewoonlik goed op die hoogte van die tegniese besonderhede en kan maklik toegang tot regshulp verkry, terwyl die armer Kleurlingverbruiker – wat miskien een of twee huurkooptransaksies per jaar sluit – heeltemal onkundig is omtrent die beskerming wat die Wet op Huurkoop aan hom bied en dikwels ook nie oor of die vermoë of die inklinasie beskik om regsadvies in te win wanneer dit nodig word nie.

In hoofstuk 22 van die verslag het die Kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat die armste 40 tot 50 persent van die Kleurlinggemeenskap nie alleen arm is nie, maar vasgevang is in 'n toestand van chroniese gemeenskapsarmoede. Die Kommissie was van mening dat die aard en die oorsake van die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede sodanig is dat die armoede en die daarmee gepaardgaande “afwykende” gedrag van die betrokke persone nie aan individuele onvermoëns toegeskryf kan word nie, maar dat dit toegeskryf moet word aan 'n wisselwerking tussen ongunstige omstandighedsfaktore en aan die “inburgering” of internasering van die laerstand-lewenswyse en -waardes. Die Kommissie stel dit soos volg in paragrawe 22.22 en 22.23 :

- * Indien die norme en standaarde wat in die geledere van die middelstand geld, as verwysingsraamwerk geneem word, dan kom die afwykende gedrag van die onderste groep – of ten minste 'n groot deel daarvan – onder meer tot uiting in 'n kenmerkende gebrek aan motivering en dissipline; in hulle hoë geneigdheid tot dronkenskap en kriminele gedrag; in hulle sterk teenwoordigheidsvoorkeur en die gevolglike onvermoë om vir die toekoms te beplan; in hulle onvermoë om die

gemeenskapslewe vir meervoudige doeleindes te organiseer en in hulle onvermoë om 'n gesonde gesinslewe en 'n stabiele gesinsverband in stand te hou.

- * Hierdie kenmerkende eienskappe van 'n groot deel van die onderste groep se lewenstyl en -houding is in verskillende hoofstukke van die verslag beskryf. Wanneer 'n bepaling van die kenmerke van die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede en die daarmee samehangende geestelike of “kultuurarmoede” van die onderste stratum gemaak word, is dit nie toereikend om op elkeen van bogenoemde afwykings in isolasie te konsentreer nie. Geeneen van bogenoemde afwykings in hulle lewenstyl is, afsonderlik genome, 'n deurslaggewende kenmerk van die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede nie. Dit is veel eerder die onderlinge samehang tussen die afwykende gedragsneigings en die funksionele ineenskakeling van hierdie afwykende neigings wat 'n vaste patroon en 'n bepaalde lewenstyl skep. Die dronkenskap, geweld, wetteloosheid, onsedelikheid en ongemotiveerdheid van die onderste stratum is nie feite omtrent individue nie. Dit is 'n beskrywing van hierdie groep se lewenstyl vanweë omstandighede waarin hulle al vir geslagte vasgevang sit. Die afwykende gedrag van diegene wat armlastig en magteloos is, 'n gevoel van sosiale nutteloosheid het, en hulle aan die een of ander vorm van afwykende gedrag skuldig maak, is nie 'n geïsoleerde aspek van hulle lewe nie, maar dikwels hulle hele lewe. Dit is in sy globale aspek dat die onderste stratum se lewenstyl 'n toestand van chroniese gemeenskapsarmoede vorm en daarom moet dit te alle tye in hierdie globale aspek verstaan en beoordeel word. Die mense wat in hierdie toestande leef, is mense sonder opleiding, met 'n gebroke gesinsverband, swak gesondheid, swak behuising, 'n lae peil van aspirasies en 'n hoë peil van emosionele verwardheid. Elkeen van hierdie onvermoëns is soveel te meer intens vanweë die feit dat dit binne 'n globale netwerk van onvermoëns figureer. Dit is 'n lewenstyl wat nie net in materiële terme bestaan nie, maar ook 'n geestelike of “kultuurarmoede” verteenwoordig wat sy eintlike definisie ontleen aan die feit dat dit 'n agtergeblewe subgemeenskap in 'n moderne ontwikkelde en vooruitstrewende gemeenskap is. Die gebrek aan finansiële middele, aan mag en aan 'n gevoel van sosiale bruikbaarheid in 'n ontwikkelde gemeenskap waarin daar juis so 'n hoë premie op hierdie dinge gestel word, vererger die neerdrukkendheid van die beperkende milieu en lei tot spanning, frustrasie, vervreemding en selfs tot 'n gevoel van fatalisme. Die afwykende gedrag word dus in belangrike mate ontleen aan die beperkende omgewing en verteenwoordig dikwels 'n verdedigende aanpassing by die spanning van die armoedige lewensomstandighede van 'n subgroep in 'n ontwikkelde gemeenskap. Maar as hierdie lewenstyl een maal sy beslag gekry het, is die lewe vir die afsonderlike individue 'n soort doolhof wat nêrens heen lei nie en bly dit steeds 'n netwerk van

onderling versterkende hindernisse en beperkings. As slegs een van die beperkende faktore verwyder sou word (bv deur die verbetering van die huishouding se inkomste) en die res van die globale situasie onveranderd bly, sal daar weinig wins op die kort termyn wees.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat arm verbruikers hulle juis as gevolg van die arm lewensomstandighede waarin hulle “gebore en getoë” is hulle skuldig maak aan koop- en verbruikspatrone wat in ’n kapitalistiese en markgeoriënteerde ekonomie daartoe lei dat hulle arm bly en selfs stelselmatig armer word. ’n Vergelyking met die landbou-sektor kan hier van pas wees. In die dae vóór die Landboubemarkingswet het dit dikwels gebeur dat ’n individuele boer besonder hardwerkend was, maar tog sy boerdery bedryf het volgens die tradisionele patroon waarin hy “gebore en getoë” was. Vanweë die gebrek aan toepaslike owerheidshulp en -advies en vanweë die skommelende pryse is hierdie boer se lot beslis deur kragte waaroor hy geen beheer gehad het nie. Uiteindelik het bankrotskap en ’n geforseeerde migrasie na ’n vreemde en onvriendelike stad sy lot geblyk te wees. Parallel hieraan mag die hoof van ’n arm huishouding baie hardwerkend wees of verplig wees om baie hard te werk. Maar vanweë sy swak agtergrond en gebrek aan opleiding verdien hy ’n relatief lae loon. Hy bevind hom egter in ’n stelsel van omstandighede wat ’n lewensritme en ’n verbruikspatroon tot gevolg het wat sy armoede chronies handhaaf en selfs vererger. Hy ondervind dus dat hy in sy lewenswyse en verbruikersgedrag meegesleur word deur kragte waaroor hy as individu geen beheer het nie. Een van die belangrikste van hierdie kragte blyk die skerp styging van voedselpryse in ’n inflasie-wêreld te wees. Net soos die owerheid vanweë die ongunstige produksie-omstandighede van die hulpbehoewende boere “ingegryp” het, net so bestaan daar klaarblyklik goeie en dwingende redes waarom die owerheid ook vanweë die ongunstige omstandighede van arm verbruikers moet “ingryp” (of in ’n veel groter mate moet “ingryp”) en hulle behulpsaam moet wees om die probleme wat in die aankoop en verbruik van voedsel en ander verbruiksartikels ontstaan, te probeer ondervang. Die soort maatreëls wat die owerheid in hierdie verband behoort te tref, lê buite die bestek van hierdie artikel. ’n Enkele opmerking kan egter toepaslik wees. Indien dit moontlik is om ’n formule te vind om bv surplusvoedsel of goedkoper ingevoerde voedsel teen spesiale pryse aan arm verbruikers beskikbaar te stel, kan dit reeds ’n wesenlike verskil aan hulle lewenstandaarde maak. Alhoewel sodanige maatreëls maklik tot allerhande wanpraktyke kan lei, is dit beslis nie onvanpas om ondersoek na so ’n formule in te stel nie.

Dit strek die NG Kerk beslis tot eer dat hy aan die einde van die twintigerjare die inisiatief geneem het om geldelike en ander steun van die Carnegie-stigting in die VSA te verkry ter wille van ’n deurtastende ondersoek na die armblankevraagstuk. ’n Groot deel van die armblankes was

destyds kleinboere wat op onekonomiese eenhede geboer het. Die Carnegie-kommissie het bevind dat “die ekonomiese agteruitgang (van die boeregemeenskap) veral die gevolg (is) van onvoldoende aanpassing aan moderne ekonomiese voorwaardes by ’n deel van . . . die blanke bevolking”. Ons kan die strukturele omstandighede wat tot die agteruitgang van die kleinboere gelei het, vandag in juister terme formuleer as wat die Carnegie-kommissie dit gedoen het. Nogtans staan dit bo alle twyfel dat die wyse waarop die Carnegie-kommissie die aandag op die verarmingsproses in die geleedere van die kleinboere gevestig het, direk en indirek gelei het tot die aanvaarding van die Landboubemarkingswet in 1937. ’n Groot deel van die mense wat vandag in verskillende vorme van armoede verkeer en selfs aan ’n verdere proses van verarming onderworpe is, is lede van die familie van NG Kerke. Dit wil my voorkom asof die lewensomstandighede en veral die voedselverbruik van baie van hierdie NG lidmate op ’n sorgwekkende lae peil is. Ek wil dus daarvoor pleit dat die NG Kerk weer eens die inisiatief sal neem om ’n deurtastende ondersoek na die armoedeverskynsel in al sy verskillende manifestasies van stapel te stuur. In teenstelling met die stand van sake 50 jaar gelede, sal die Kerk hierdie keer waarskynlik geen probleme ondervind om die nodige fondse en kundigheid in eie geleedere te monster nie.